



HOËRSKOOI
TYGERBERG
HIGH SCHOOL

INHOUD

VISIE EN MISSIE

GEDRAGSKODE

TAALBELEID

TOELATINGSBELEID

CONTENTS

VISION AND MISSION

CODE OF CONDUCT

LANGUAGE POLICY

ADMISSION POLICY

VISIE EN MISSIE

VISIE

Ons streef daarna om leerders met die nodige fisiese, geestelike, emosionele en intellektuele vaardighede toe te rus om as volwaardige, volwasse en verantwoordelike landsburgers hulle plek in die samelewing te kan inneem.

MISSIE

Die leerder:

- staan sentraal in ons benadering
- se potensiaal word ten volle ontwikkel
- se individuele, kulturele en religieuse uniekheid word gerespekteer
- word begelei tot aanvaarding van sosiale aanvaarbare waardes en norme en die verwerwing van lewensvaardighede, selfdisipline, selfagting en verantwoordelikheid

Die opvoeder:

- beskou die onderwys as 'n roeping
- plaas 'n hoë premie op die persoonlike groei en prestasie van elke leerder
- het begrip vir die wêreld van die leerder
- bevorder bedagsaamheid en wedersydse respek vir mekaar
- gee uitvoering aan die doelstellings en beleid van die WKOD en die beheerliggaam van die skool

Die ouer:

- is 'n vennoot in die strewe na die beste belang van die leerder
- ondersteun die skool in die uitvoering van sy plig
- ondersteun die leerder sodat die volle potensiaal van die leerder ontwikkel kan word

VISION AND MISSION

VISION

We strive to equip learners with the necessary physical, spiritual, emotional and intellectual skills to take their place in society as fully rounded, adult and responsible citizens.

MISSION

The learner:

- takes centre stage in our focus
- must be developed to his/her full potential
- will be respected for his/her unique individualism, culture and religion
- is guided towards accepting of socially accepted values and norms and the acquainting of life skills, self-discipline, self-value and responsibility

The educator:

- regards education as a calling
- places a high premium on the personal growth and performance of every learner
- shows understanding of the world of the learner
- enhances courteousness and mutual respect towards each other
- gives execution to the targets and policies of the WCED and the governing body of the school

The parent:

- is a partner in the strive towards the best interest of the learner
- supports the school in the fulfilment of its duties
- supports the learner to enable the development of his/her full potential

KODES EN GEDRAGSREËLS

1. Inleiding

Hierdie dokument is Hoërskool Tygerberg se gedragkode, soos bekragtig deur die Beheerliggaam. Die Beheerliggaam het met die ouers, leerders, en opvoeders van die skool geraadpleeg rakende die inhoud van die gedragkode. Die gedragkode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Artikel 108 van 1996, die Suid-Afrikaanse Skolewet, Artikel 84 van 1996, Riglyne vir Gedragkode vir Leerders (Kennisgewing 776 in die Staatskoerant 18900, gedateer 15 Mei 1998) en ander toepaslike regulasies en wetgewing.

2. Doel

Die doel van die gedragkode is om:

- 'n kultuur van versoening, opvoeding, wedersydse respek en verdraagsaamheid en vrede in die skool te vestig
- 'n omgewing te skep waar onderrig en leer prioriteit geniet
- die skool se missiestelling te onderskryf
- die beginsel van 'n waardegedrewe skool by die leerders tuis te bring, gebaseer op die Christelike waardes van respek, burgerskap, omgee, verantwoordelikheid, betroubaarheid en regverdigheid.

Alhoewel die Staat verplig is om onderwys beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit versterk word deur die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragkode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die gedragkode beoog om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig, wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

Die gedragkode onderskryf die skool se missiestelling.

'n Leerder en sy/ haar ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragkode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra 'n leerder by die skool ingeskryf is, is hy/sy by implikasie aan die aan die gedragkode onderworpe en moet leerdes en hulle ouers/voogde kennis neem van die skool se gedragkode en die voorskrifte daarin vervat. Indien 'n leerder die gedragkode oortree of minag, sal daar dienooreenkomstig teenoor hom/haar opgetree word.

3. Gedragskode

Algemene reëls

- 3.1 Leerders moet goeie ambassadeurs vir die skool weer deur hulle ten alle tye in ooreenstemming met die skool se etiese kode te gedra.
- 3.2 Leerders wat in skooluniform is of enige deel daarvan dra, en sodoende direk met die skool verbind word en dus alle leerders van die skool direk en indirek, as deelnemers, ondersteuners, assistente, toeskouers of op enige ander manier verteenwoordig, moet hul weerhou van enige gedrag wat die skool, die personeel van die skool of hulle mede-leerders in oneer kan bring.
- 3.3 Leerders moet ten alle tye in hulle interaksie met die personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek toon.
- 3.4 In hulle interaksie met mekaar moet leerders selfbeheer sing beoefen en wedersydse respek en verdraagsaamheid toon.
- 3.5 Volgens die gedragskode sal 'n opvoeder van die skool dieselfde regte as 'n ouer geniet ten opsigte van die beheer en dissipline van die leerder tydens die leerder se betrokkenheid en/of teenwoordigheid by die skool of skoolaktiwiteite.
- 3.6 Die gebruik van selfone gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevallen gemaak word en dan slegs met die toestemming van die skoolhoof. (Sien volledige gedragskode).
- 3.7 Die rook, besit en/of gebruik van tabakprodukte, drank, ander alkoholiese middels of dwelms gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooluniform geklee is, is streng verbode.
- 3.8 Wanneer 'n vermoede bestaan dat 'n leerder die gedragskode oortree, het die skoolhoof of 'n opvoeder, die reg om 'n leerder en/of sy eiendom in sy besit te ondersoek vir enige gevaarlike wapens, gewere, dwelms of skadelike gevaarlike middels, gesteelde goedere, of pornografiese materiaal wat moontlik op die skoolterrein gebring is.
- 3.9 Enige gedrag wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onregverdig benadeel, sal as 'n skending van die gedragskode beskou word.

- 3.10 'n Skuldigbevinding aan 'n kriminele oortreding in 'n geregshof, sal as 'n skending van die gedragskode beskou word;
- 3.11 Oortredings wat mag lei tot skorsing en/of uitsetting (Sien die volledige gedragskode).

4. Klasreëls

- 4.1 Die registeronderwyser sal klasreëls geformuleer wat op hierdie gedragskode gebaseer is.
- 4.2 Die klasreëls moet skriftelik opgestel word en –
 - 4.2.1 onmiddellik voorgelê word aan die skoolhoof
 - 4.2.2 in 'n leesbare formaat vertoon word op 'n prominente plek in die klaskamer; en
 - 4.2.3 beskikbaar wees vir alle leerders en hul ouers.
- 4.3 Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls asook aan enige redelike verbale opdrag gegee deur die registeronderwyser of enige personeellid wat noodsaaklik is om uitvoering te gee aan die Gedragskode en/of die gesonde en professionele bestuur van die skool.
- 4.4 Enige oortreding van die klasreëls sal beskou word as 'n skending van hierdie Gedragskode en skoolreëls.

5. Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag

- 5.1 Skooldrag
 - 5.1.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en ander skoolaktiwiteite soos bepaal deur die Beheerliggaam, gedra word;
 - 5.1.2 Klerereëls
Sien volledige gedragskode
- 5.2 Voorkoms
Sien volledige gedragskode.

6. Sport- en buitemuurse aktiwiteite

Sien volledige gedragskode.

7. Skooleiendom

- 7.1 Die skool is vir die gebruik van al die leerders wat die skool bywoon. Daarom is dit die plig van elke leerder om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool;
- 7.2 Geen persoon mag enige skooleiendom van die skoolterrein verwyder sonder die toestemming van die skoolhoof of 'n gemagtigde opvoeder van die skool nie.
- 7.3 Leerders mag nie enige eiendom van die skool, personeel, mede-leerders, besoekers aan die skool, of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk of skend nie. Hierdie reël geld vir eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, sowel as 'n voertuig waarmee leerders is en/of die eiendom wat daarin is.

8. Studenteraad (SR)

- 8.1 Die SR is saam met die opvoeders verantwoordelik vir die algemene dissipline van die skool;
- 8.2 Alle leerders sal enige redelike opdrag van 'n lid van die SR of 'n ander skoolleier gehoorsaam en hulle samewerking en ondersteuning gee aan die SR en ander skoolleiers in die behoorlike uitvoering van hulpligte.

9. Skooldiensgewings

Elke leerder is verplig om alle toepaslike kennisgewings wat deur die Beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool aan hom/haar gegee is, aan sy/haar ouers te oorhandig, asook om stiptelik enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die registeronderwyser terug te besorg.

10. Skoolwerk en huiswerk

- 10.1 Daar moet te alle tye 'n ordelike atmosfeer in die klaskamers heers. Leerders mag nie onderrig steur of verhinder nie.
- 10.2 Leerders moet klasopdragte onmiddelik uitvoer.
- 10.3 Elke leerder moet oor 'n huiswerkboek beskik soos deur die skoolhoof of vakonderwyser voorgeskryf en is verplig om dit by te hou.
- 10.4 Elke leerder moet die voorgeskrewe huiswerk doen en dit stiptelik op die spertyd aan die betrokke opvoeder oorhandig.

10.5 Elke leerder moet sy/haar voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel.

10.6 Dit is die leerder se plig om werk wat hy/sy gemis het so spoedig moontlik in te haal.

11. Toetse en eksamens

11.1 Alle leerders is verplig om die toetse en eksamens wat deur die opvoeders vir hulle opgestel is, af te lê.

11.2 Leerders moet hulle tydens die afneem van toetse of eksamens weerhou van enige oneerlikheid.

12. Motorvoertuie en motorfietse

Sien volledige gedragskode.

13. Stiptelikheid

13.1 Leerders moet altyd op die bestemde tyd vir die begin van die skooldag of vir enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Leerders wat laat by die skool opdaag, moet eers by diekantoor aanmeld, voordat hulle na hul spesifieke klasgaan.

13.2 Skooltye: Maandae tot Vrydae: 07:45-14:30, behalwe Dinsdae wanneer die skool om 13:45 sluit.

14. Afwesigheid van skool

14.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool.

14.2 Wanneer 'n leerder sonder 'n aanvaarbare verskoning afwesig is van skool, sal dit beskou word as stökkiesdraaiery, wat streng verbode is.

14.3 'n Leerder wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is, moet by sy/haar terugkeer skool toe 'n skriftelike verduideliking van sy/haar ouers voorsienaan die registerklas onderwyser. Afwesigheid vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende dae sal slegs aanvaar word indien 'n sertifikaat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of 'n ander rede deur die prinsipaal goedgekeur.

15. Omgewing

- 15.1 Leerders het die reg tot 'n veilige omgewing en skool wat bevorderlik is vir opvoeding.
- 15.2 Leerders mag nie rommel op die skoolterrein of in die skoolgeboue strooi nie.
- 15.3 Leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, moet verseker dat alle rommel opgetel en in vullisdromme geplaas word, om sodoende die gronde in 'n netjiese en skoon toestand te verlaat.
- 15.4 Leerders moet die kleedkamers in 'n skoon en netjiese toestand agterlaat.
- 15.5 Enige optrede of versuim deur leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of kan veroorsaak, moet vermy word.
- 15.6 Die aanbring van slagspreuke (graffiti), plakkers, plakkate en dies meer op enige oppervlak by die skool, is streng verbode, tensy dit gedoen word met die toestemming van die skoolhoof.
- 15.7 Leerders moet gehoor gee aan redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die studenteraad of enige skoolleier, met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing. (*Sien gedragskode vir 'n volledige uiteensetting van die skoolreëls*).

16. Uitsonderings op die voorskrifte van die gedragskode

- 16.1 Leerders kan 'n skriftelike aansoek doen aan die Beheerliggaam vir algehele of gedeeltelike vrystelling van een of meer van die items in die gedragskode, gebasseer op grond van kulturele, godsdienstige of mediese gronde.
- 16.2 Sodanige aansoek moet volledige redes asook bevestigende bewyse insluit. Daarom is die bewyslas steeds op die leerder om die aansoek om vrystelling te staaf.
- 16.3 Aansoeke om vrystelling sal slegs ter aanvang van die skooljaar oorweeg word, tensy die aansoeker kan bewys dat die saak dringend of genoodsaak is deur 'n verandering in omstandighede.
- 16.4 In die oorweging van 'n aansoek om vrystelling, sal die Beheerliggaam geregtig wees om enige inligting te bekom wat hy nodig ag vir 'n regverdige beoordeling van die aansoek.

- 16.5 Die Beheerliggaam sal die aansoek vir vrystelling met die nodige erns en verantwoordelikheid binne die raamwerk van die Grondwet en die hofverordeninge oorweeg en die leerder skriftelik in kennis stel van sy besluit;
- 16.6. In die geval van 'n oortreding van enige bepaling in hierdie gedragskode, sal die voorgeskrewe dissiplinêre prosedure gevolg word. *(Sien die volledige gedragskode vir 'n gedetailleerde uiteensetting van die skoolreëls.)*

Code and rules of conduct

1. Introduction

This document is the code of conduct of Tygerberg High School, as approved by the Governing Body. The Governing Body has consulted parents, learners and educators of the school regarding the content of the code of conduct. The code of conduct has been drafted in accordance with the relevant stipulations of the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996; the South African Schools Act, Act 84 of 1996 ('SASA'); the National Education Policy Act, Act 27 of 1996; Guidelines for a Code of Conduct for Learners (Notice 776 in the Government Gazette 18900 dated 15 May 1998) and other applicable regulations and legislation.

2. Objective

The aim of the Code of Conduct is to:

- Establish a culture of reconciliation, education, mutual respect, tolerance and peace in the school
- Create an environment where teaching and learning receive priority
- Endorse the school's mission statement
- Establish amongst the learners the principles of a value driven school, based on the Christian values of respect, citizenship, caring, responsibility, trustworthiness and fairness.

Although the State is obligated to make education available and accessible to all, this must be enhanced by the dedication and commitment of responsible role players, namely educators, learners and parents. This code of conduct is intended to promote such dedication and commitment.

This code of conduct aims to establish a disciplined and purposeful school environment, which is dedicated to promoting and maintaining the quality of the learning process.

Learners and their parents or guardians must acquaint themselves with the school's code of conduct and its provisions. As soon as learners are enrolled at the school, they are, by implication, subject to the code of conduct, and must adhere to it strictly. Should learners transgress or violate the code of conduct, action will be taken against them in accordance with the disciplinary procedure of the school.

3. Code of Conduct

General rules

- 3.1 Learners shall be good ambassadors of the school and shall conduct themselves in accordance with the school's code of ethics at all times.
- 3.2 While wearing the school uniform or any part thereof that is sufficient to establish a link with the school in the public eye, or while representing the school, either directly or indirectly, as participants, supporters, assistants, spectators or otherwise, learners shall refrain from any conduct that could bring the school, staff or their fellow learners into disrepute.
- 3.3 In their interaction with the staff of the school, fellow learners as well as visitors to the school, learners shall be courteous and respectful at all times.
- 3.4 In their interaction with one another, learners shall practise self-restraint and display mutual respect and tolerance.
- 3.5 A school educator shall have the same rights as a parent with regard to controlling and disciplining the learner according to the code of conduct, during a learner's attendance of the school and/or participation in school activities, both on and off the premises.
- 3.6 The use of cellphones during school activities is strictly prohibited. Calls may be made in emergencies only and only with the school principal's permission. (See full code of conduct).
- 3.7 The smoking, possession and/or use of tobacco products, liquor, other alcoholic substances or drugs during any school activity, or when learners are dressed in school uniform, is strictly prohibited.
- 3.8 When it is suspected that learners have violated this code of conduct or the laws of the country, the school principal or an educator is entitled to search such learners and/or the property in their possession for guns or any other dangerous weapons, drugs or harmful and dangerous substances, stolen goods or pornographic material that the learners may have brought onto the school grounds.
- 3.9 Any conduct that unfairly prejudices the administration, discipline or efficiency of the school shall be regarded as a violation of the code of conduct.

- 3.10 Any conviction of a criminal offence in a court of law shall be regarded as a violation of this code of conduct.
- 3.11 For transgressions that may lead to suspension and/or expulsion, see the full code of conduct.

4. Class rules

- 4.1 The class educator shall formulate class rules based upon this code of conduct.
- 4.2 The class rules must be tabled in writing:
 - 4.2.1 and immediately be presented to the principal;
 - 4.2.2 be displayed in a legible format in a prominent area of the classroom; and
 - 4.2.3 be made available to all learners and their parents.
- 4.3 Learners are expected to comply fully and promptly with the class rules as well as any verbal instructions given by the class educator or any staff member that are reasonably essential to give effect to this code of conduct and/or for the sound and professional management of the school.
- 4.4 Any violation of the class rules shall be regarded as a violation of this code of conduct and school rules.

5. Rules with regard to appearance and school wear

- 5.1 School wear
 - 5.1.1 The prescribed school wear shall be worn during school hours as well as other school activities, as determined by the governing body.
 - 5.1.2 Clothing rules
 - See full code of conduct
- 5.2 Appearance
 - See full code of conduct

6. Sports and extracurricular activities

See full code of conduct

7. School property

- 7.1 As the school has been established for the use of all learners who attend it, all learners are obligated to do everything in their power to protect the school's property in order for it to be utilised to the benefit of all current and future learners of the school.
- 7.2 No person may remove any school property from the school grounds without the prior consent of the principal or an authorised educator of the school.
- 7.3 Learners may not handle, damage, mark, deface or destroy any property of the staff, fellow learners, visitors to the school, or members of the public. This rule applies to property on the school grounds, in the immediate vicinity of the school, at or near the venue of any school activity, as well as any vehicle with which learners are transported and the property contained therein.
- 7.4 Learners may not damage, deface or destroy any school property.

8. The Student Council (SC) and school leaders

- 8.1 The SC and school leaders, in conjunction with the staff of the school, are responsible for general school discipline.
- 8.2 All learners shall obey any reasonable instruction from a member of the SC or any other school leader, and shall support and cooperate with the SC and other school leaders in the execution of their duties.

9. School notices

All learners are obligated to hand to their parents all school notices that are distributed to learners for such purpose by the governing body, principal or an educator of the school, and to promptly return to the class educator any acknowledgement of receipt that was to be completed by the parents.

10. School work and homework

- 10.1 There shall be an orderly atmosphere in the classroom at all times. Learners may not disrupt or prevent teaching.
- 10.2 Learners must promptly carry out instructions in class.

- 10.3 All learners must have and maintain a homework book as may be required by the principal or class educator.
- 10.4 All learners must do their prescribed homework and promptly return it to the relevant educator by the due date.
- 10.5 All learners must do their prescribed homework with diligence and dedication in order to develop a consistent work ethic.
- 10.6 Learners are obligated to promptly catch up on any work that they have missed.

11. Tests and examinations

- 11.1 All learners are obligated to submit to the tests and examinations that educators may require.
- 11.2 Learners shall refrain from any form of dishonesty when tests and examinations are conducted.

12. Motor vehicles and motorcycles

See full code of conduct

13. Punctuality

- 13.1 Learners are expected to arrive at the appointed time of the beginning of the school day and at the start of any other school activity. Learners who arrive late at school shall immediately report to the office before proceeding to their particular class.
- 13.2 School hours: Mondays to Friday: 07:45 to 14:30, except Tuesdays, when the school closes at 13:45.

14. Absence from school

- 14.1 Learners may be absent from school in exceptional cases only, when any learner is absent from school without an acceptable excuse, it shall be regarded as truancy, which is strictly prohibited.
- 14.3 Learners who are absent from school for one to three consecutive days must, upon their return to school, submit a written explanation by their parents to their register class teacher. Absence for more than three (3) consecutive days will only be accepted if a certificate from a

registered medical practitioner is submitted, except in the case of death or trauma in the learner's household or for any reason which may be approved of by the principal.

15. Environment

- 15.1 Learners have the right to a safe environment and school that are conducive to education.
- 15.2 Learners may not litter on school grounds or in school buildings.
- 15.3 Learners who attend any school activity as spectators or supporters must ensure that all litter is picked up and placed in garbage bins, thereby leaving the grounds they have occupied in a neat and tidy condition.
- 15.4 Learners must leave cloak rooms in a clean condition.
- 15.5 Any action or failure by learners that constitutes or could constitute a health risk to other learners must be avoided.
- 15.6 The application of slogans (graffiti), stickers, posters and the like to any surface at the school is strictly prohibited, unless it is done with the principal's consent.
- 15.7 Learners shall comply with any reasonable instruction from the principal, any educator, SC member or other school leader with regard to maintaining a clean and hygienic school environment. *(See the code of conduct for a detailed outline of the school rules.)*

16. Exemption from provisions of the code of conduct

- 16.1 Learners may submit a written application to the Governing Body for total or partial exemption from one or more of the items contained in the code of conduct based on cultural, religious or medical grounds.

Such application must include full reasons as well as supporting evidence. Therefore, the onus of proof to substantiate the application for exemption still lies with the learner.

- 16.3 Applications for exemption will be considered at the start of the school year only, unless the applicant can prove that the matter is urgent or necessitated by a change in circumstances.
- 16.4 In considering an application for exemption, the governing Body shall be entitled to obtain any information that it deems necessary for a fair adjudication of the application.

- 16.5 The Governing Body shall consider the application for exemption with the necessary gravity and responsibility, and within the framework of the Constitution and court judgements of South Africa, and shall inform the learner of its decision in writing.
- 16.6 In the event of a violation of any provision in this code of conduct, the prescribed disciplinary procedure shall be followed. *(See the full code of conduct for a detailed outline of the school rules.)*

TAALBELEID

1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van die Hoërskool Tygerberg wat op 4 Februarie 2016 deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- die belange van die leerders
- die belange van die skoolgemeenskap
- die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- die vermoë van die skool
- die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.

3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die tale van onderrig, Afrikaans en Engels.

4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n parallel- **EN** dubbelmediuminstelling.

Die taal van onderrig in graad 8 **EN** 9 is Afrikaans **OF** Engels. Leerders word in aparte klasse in hulle huistaal, Afrikaans **OF** Engels onderrig.

EN

Die taal van onderrig in graad 10 tot 12 is Afrikaans **EN** Engels. Inligting word nie in beide tale herhaal nie, maar in beide tale gelykwaardig aangebied.

Alle onderrigmateriaal is beskikbaar in albei onderrigstale, Afrikaans en Engels. Alle assesserings word in beide Afrikaans en Engels opgestel.

Alle korrespondensie met ouers en leerders sal 50% in Afrikaans en 50% in Engels wees.

Alle saal- en ouervergaderings sal 50% in Afrikaans en 50% in Engels wees.

Die keuse van die onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

5. Bevordering van veeltaligheid

Bykomend bevorder die skool veeltaligheid deur Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal asook Engels Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal as volwaardige taalvakke aan te bied.

Voorts word Duits en Xhosa ook as Tweede Addisionele Taal aangebied.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistale en/of onderrigtale te bevorder.

LANGUAGE POLICY

1. Introduction

This document is the language policy of High School Tygerberg, as approved by the school governing body on 4 February 2016. The language policy has been drafted in accordance with the provisions of the Constitution of South Africa, Act 108 of 1996; the South African Schools Act, Act 84 of 1996 ('SASA'); the National Education Policy Act, Act 27 of 1996; applicable provincial legislation on school education; judgements of the South African courts; the International Convention on the Rights of the Child; the African Charter on the Rights and Welfare of Children; the Norms and Standards for Language Policy in Public Schools, 1997 (GN 1701 dated 19 December 1997) and the guidelines of the Pan South African Language Board.

(Fedsas?)

2. Factors considered

In drafting this policy, the following factors have been considered:

- the interests of the learners
- the interests of the school community
- the interests of the community in which the school is located
- the capacity of the school
- the resources and staff available to the school
- international best practice with regard to class sizes and language in education, with specific reference to the importance of mother tongue education.

3. Teaching and examination

All teaching and the taking of tests and examinations shall occur in the school's two languages of instruction, Afrikaans and English.

4. Policy on medium of instruction

The school is a parallel- and dual-medium institution in Afrikaans and English.

The languages of instruction in Grade 8 to Grade 9 are parallel-medium. Learners are taught in their own home language.

The languages of instruction in Grade 10 to Grade 12 are dual-medium. All the information is not repeated in both languages but is presented equally.

All teaching material will be available in Afrikaans and English.

All assessments will be set in Afrikaans and English.

All the correspondence with parents and learners will be 50% Afrikaans and 50% English.

All assembly and parent meetings will be 50% Afrikaans and 50% English.

AND

Upon applying for admission to the school, learners shall be required to choose a medium of instruction.

5. Promotion of multilingualism

Additionally, the school promotes multilingualism by presenting Afrikaans Home Language and Afrikaans First Additional Language as well as English Home Language and English First Additional Language as fully-fledged language subjects.

Besides English and Afrikaans as First Additional Languages the school also offers German and Xhosa as Second Additional Languages.

All educators at the school take reasonable steps to inform learners on the importance of multilingualism and to promote respect for other languages besides the home language and/or medium of instruction.

HOËRSKOOL TYGERBERG: TOELATINGSBELEID

BELEID VAN HOËRSKOOL TYGERBERG RAKENDE DIE TOELATING VAN LEERDERS TOT DIE SKOOL OF GRADE BY DIE SKOOL

Aangesien Hoërskool Tygerberg (hierna “die Skool”) 'n openbare skool is met regspersoonlikheid ingevolge die bepalings van artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna “die Skolewet”) waarvan die beheer aan sy skoolbeheerliggaam (hierna “die SBL”), soos in artikel 16 van die Skolewet, toevertrou is;

Aangesien die SBL ingevolge artikel 5 van die Skolewet by magte is om onderhewig aan die bepalings van die Skolewet en enige toepaslike provinsiale wet, die Skool se beleid rakende die toelating van leerders tot die Skool en grade by die Skool te bepaal;

Aangesien die SBL met betrekking tot die kwessie van leerdertoelating tot die Skool of verskillende grade by die Skool op die volgende wetgewing (hierna “die wetgewing”) let:

- (i) die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 (hierna “die Grondwet”);
- (ii) die Suid Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 (soos gewysig) (hierna “die Skolewet”);
- (iii) artikel 3(4)(i) en 5 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Nr. 27 van 1996 (“NEPA”);
- (iv) die Toelatingsbeleid vir Gewone Openbare Skole, deur die Minister van Onderwys in Staatskoerant Nr. 19377 van 19 Oktober 1998 (Kennisgewing Nr. 2432/98) (hierna “ministeriële beleid”) gepubliseer; en
- (v) toepaslike provinsiale wetgewing.

Aangesien die Skool en sy SBL die betrokke bepalings van die wetgewing raadpleeg in soverre dit vir hulle geld en bindend is en voorrang geniet bo die mag van die SBL om die Skool se toelatingsbeleid te bepaal, en terselfdertyd vasbeslote is om die volle toepassing van die Skool se toelatingsbeleid binne die perke van die wetgewing en van tyd tot tyd enige ander toepaslike wetgewing, te verseker;

Daarom verklaar die SBL namens die Skool nou die Skool se Beleid vir die Toelating van Leerders tot die Skool of Verskillende Grade by die Skool soos volg:

1. AANSOEKE OM TOELATING TOT DIE SKOOL

1.1 Daar word erken dat:

- (a) die Departementshoof (Onderwys) (hierna “DH”) en/of amptenare van die departement van onderwys (DVO), insluitende die Prinsipaal, wat deur die DH gedelegeer is (hierna “die DH-

gedelegeerde(s)”), vir die administrasie van leerdertoelating tot die Skool verantwoordelik is; en

(b) die DH/die DH-gedelegeerde(s) 'n registrasieproses vir toelating tot openbare skole moet bepaal sodat leerdertoelating op 'n tydige en doeltreffende wyse plaasvind.

1.2 Daar word beklemtoon dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal hierdie beleid te alle tye sigbaar, billik en ingevolge die wet in aanmerking moet neem tydens optrede ooreenkomstig paragraaf 1.1 hierbo of die beslissingsproses rakende toelatingsaansoeke. Die Skool en sy SBL sal ook van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om te alle redelike tye volle toegang tot en afskrifte van enige registers of lêers wat as deel van die toelatingsproses gehou word te verkry.

1.3 Die Skool en die SBL sal van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om die inligtingsbylae vir beheerliggaamdoeleindes (hierby aangeheg) by die voorgeskrewe aansoekvorm in te sluit en die voltooiing daarvan deur die aansoeker te verseker.

1.4 Die Skool en die SBL sal van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om te verseker dat aansoekers van die volgende in kennis gestel word en ook skriftelik bevestig dat hulle dit gelees het en begryp:

- (a) die Skool se taalbeleid;
- (b) die Gedragskode vir Leerders; en
- (c) hierdie toelatingsbeleid.

1.5 Die Skool en die SBL onderskryf die siening dat ingevolge die reg en by gebrek aan 'n hofbevel tot die teendeel, die wettige Ouer(s)/voog(de) van 'n minderjarige leerder die uitsluitlike reg het om te besluit by watter skool hulle kind/pleegkind ingeskryf word. Gevolglik aanvaar die Skool en SBL geen aansoek tensy dit ingedien word deur die ouer(s)/voog(de) van, of die persoon/persones met wettige aanspraak op sorg vir die minderjarige leerder, of 'n persoon/persones wat skriftelik deur hulle daartoe gemagtig word nie. Voorts beskou die Skool en die SBL nougesette nakoming van hierdie benadering as noodsaaklik aangesien dit verseker dat geldige toestemming verleen word vir die behandeling van die leerder *in loco parentis*, vir die leerder se deelname aan uitstappies, ensovoorts. Gevolglik word daar van die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal verwag om te verseker dat hierdie benadering streng nagekom word.

- 1.6 Die SBL onderneem om die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal in pogings te ondersteun om die persone waarna daar in paragraaf 1.5 hierbo verwys word aan te moedig om voor die einde van die jaar wat die volgende skooljaar voorafgaan, om die toelating van hulle kinders/pleegkinders aansoek te doen.
- 1.7 Onderhewig aan hierdie beleid vereis die SBL dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal leerdertoegang tot openbare skole, waaronder dié Skool, in oorleg met die Skool koördineer, en onderneem die SBL om opbouende ondersteuning te verleen ten einde te verseker dat alle geskikte leerders toepaslik toelating ontvang.
- 1.8 As 'n voorvereiste vir enige besluit rakende die toelating van 'n leerder tot die Skool, vereis die Skool en die SBL dat die DH/die DH-gedelegeerde(s)/die Prinsipaal die volgende bepaling van die Grondwet streng nakom:

“28 (2) – 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak”.

2. DIE SKOOL SE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS (INSLUITEND DRAGKODE)

Hoewel aansoekers se weiering om die Skool se Gedragskode vir Leerders (insluitend dragkode) te onderskryf nie die toelating van die leerder tot die Skool kan verhoed nie, sal die kode nietemin bindend wees vir die leerder. Artikel 8(4) van die Skolewet bepaal soos volg:

“Geen bepaling van hierdie Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.”

Aansoekers word aangemoedig om die Skool te ondersteun deur hulleself van die Skool se Gedragskode vir Leerders te vergewis en die nakoming daarvan deur leerders te verseker.

3. SKOOLGELD

- 3.1 Ouers (soos in artikel 1 van die Skolewet omskryf) se versuim, weiering of onvermoë om skoolgeld te betaal, kan nie die toelating van leerders tot die Skool verhoed nie.

‘n Leerder word toegelaat tot die totale skoolprogram en mag nie geskors word van klasse, toegang tot kultuur-; sport- en sosiale aktiwiteite geweier word, ‘n

skoolrapport of oorplasingstifikaat geweier word of andersins geviktimiseer word op grond daarvan dat sy/haar ouers:

(a) nie instaat is om skoolgeld te betaal nie of dit nog nie betaal het nie;

(b) nie die missiestelling en gedragkode van die skool steun nie;

(c) geweier het om 'n kontrak aan te gaan ingevolge waarvan die ouers afstand doen van enige eis om skadevergoeding wat voortvloei uit die opvoeding van die leerder.

3.2 Ingevolge artikel 38-41 van die Skolewet, moet 'n begrotingsvergadering van die ouers van ingeskrewe leerders by die Skool na dertig (30) dae kennisgewing aan ouers geskied. By hierdie vergadering besluit die meerderheid van die ouers teenwoordig op die aanvaarding al dan nie van die begroting wat vir die volgende boekjaar deur die SBL voorberei is. By dieselfde vergadering kan die meerderheid van stemgeregtigde ouers teenwoordig besluit dat die betaling van skoolgeld verpligtend moet wees, wat die skoolgeldbedrag per leerder per jaar sal wees, en watter maatstawwe sal geld vir algehele of gedeeltelike vrystelling aan ouers wat nie die volle verpligte bedrag of 'n gedeelte daarvan kan betaal nie. Ouers wat nie daartoe in staat is om enige gedeelte van die bedrag of die volle bedrag te betaal nie, is daarop geregtig om op die voorgeskrewe vorms by die SBL om algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen. Sodanige aansoeke moet vertroulik deur die SBL hanteer word. Die SBL sal billik optree en bogenoemde maatstawwe asook die bepalinge van die ministeriële beleid en die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld in Openbare Skole (Goewermentskennisgewing R1052) toepas. 'n Afskrif van laasgenoemde sal op versoek aan ouers beskikbaar gestel word. Ouers wat om vrystelling aansoek doen, kan 'n opvoeder by die Skool of enige ander persoon vir bystand met die aansoek nader. 'n Ouer/ouers wat deur die SBL se besluit verontreg voel, kan ingevolge die prosedure wat in genoemde regulasies uiteengesit word, by die DH appelleer.

3.3 Aansoekers om vrystelling moet egter daarop let dat die gekombineerde jaarlikse inkomste van ouers in berekening gebring word in die besluit of ouers vir vrystelling in aanmerking kom al dan nie. “Gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van ouers” word in regulasie 1 van voorgenoemde regulasies omskryf as – “die saamgetelde bruto inkomste van al die ouers van 'n leerder soos in die Wet omskryf...”.

- 3.4 Die aansoeker se aandag word voorts op die volgende bepaling van die Skolewet gevestig – (Artikel 41) – “Die beheerliggaam van 'n openbare skool kan die betaling van skoolgelde deur ouers wat daarvoor aanspreeklik is..., deur regsproses afdwing.”
- 3.5 Ouers van leerders word aangemoedig om die hoë onderrigstandaard en die goeie skoolfasiliteite en -omgewing in stand te hou deur skoolgeld te betaal en, waar hulle algehele of gedeeltelike vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld ontvang, hulle dienste tot voordeel van die Skool aan die SBL beskikbaar te stel.

4. VEREISTE DOKUMENTE VIR TOELATING

'n Ouer moet 'n aansoekvorm om toelating voltooi, welke vorm die prinsipaal aan hom/haar moet beskikbaar stel.

Tesame met die aansoekvorm moet die ouer 'n amptelike geboortesertifikaat van die leerder aan die prinsipaal toon. Indien die ouer nie 'n geboortesertifikaat kan toon nie, kan die leerder voorwaardelik toegelaat word totdat 'n afskrif van die sertifikaat van die streekskantoor van die Departement van Binnelandse Sake verkry is. Die prinsipaal moet die ouers inlig dat dit 'n misdryf is om 'n valse verklaring oor die ouderdom van die leerder te maak. Die ouer moet verseker dat die toelating van die leerder binne drie maande ná die voorwaardelike toelating afgehandel word.

By aansoek om toelating moet die ouer bewys lewer dat die leerder teen die volgende siektes ingeënt is: polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, klem-in-die-kaak en hepatitis B.

Wanneer 'n leerder van een openbare skool na 'n ander verskuif, moet die prinsipaal 'n oorpasingskaart voltooi en dit hetsy aan die ouer oorhandig of na die ander skool aanstuur.

Sien aanhangsel A by hierdie beleid vir 'n volledige lys van vereiste dokumente vir toelating.

5. LEERDEROUDERDOMSVEREISTES VIR TOELATING TOT DIE SKOOL OF VERSKILLENDE GRADE VAN DIE SKOOL

'n Leerder wat met meer as twee jaar buite die ouderdomsnorm val, sal nie vir toelating oorweeg word nie. Die ouderdomsnorm is die graad plus 6 jaar.

6. TYDPERK VIR REGISTRASIE

- 6.1 Aansoek om toelating begin in Februarie en sluit aan die einde van Oktober met betrekking tot die inskrywing van leerders vir die volgende jaar.
